**SARS PERSVERKLARING**

**Tshwane, 5 Augustus 2023 –** SARS-kommissaris Kieswetter neem kennis van die persdekking rakende die likwidasie van Tariomix.

Die aantygings, hoewel onduidelik, dat SARS-beamptes betrokke is, word baie ernstig opgeneem en word deur SARS se teenkorrupsie-eenheid ondersoek. Indien daar enige waarheid agter die aantygings steek, sal SARS dadelik en hard teen die beamptes optree.

Kommissaris Kieswetter wil laat weet dat hy oor die aangeleentheid ingelig is en waarsku teen persspekulasie omdat daar ander faktore met betrekking tot die likwidasie betrokke is wat ondersoek vereis en potensieel tot regstappe kan lei.

Die kommissaris kan op hierdie stadium geen verdere kommentaar lewer nie, behalwe om die publiek te verseker dat enige vorm van korrupsie behoorlik en beslissend hanteer sal word.

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.